

# KOERSVAS

Jaargang 3      Uitgawe 68      31 Julie 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Is jou saak reg?

Die dood is ons almal se skrikwekkende skaduwee en voorland. Ons en almal wat ons ken, kom tot sterwe en so sal dit wees tot en met die Wederkoms.

Gelowiges is oor die algemeen positief indien hulle gevra word na hulle "saak met die Here." Die ongemaklike stilte van ongelowiges en liggelowiges maak ons net bewus van die groot oes en die min arbeiders. Wat opval, is die getal gelowiges wat reg is vir die ewigheid, maar wat alle fokus op die hier en nou vergeet het.

Is jou saak en sake hier op aarde in orde? Wat gaan jou naasbestaandes ervaar en moet verduur midde in die rou oor jou afsterwe? 'n Familielid van 'n gelowige wat al in die negentig was, se gesukkel om sy boedel afgehandel te kry, is tipies van soveel mense wat sonder testament sterf; selfs al het hy amper alles aan die kinders gegee. Om dan as eksekuteur aangestel te word of om die weesheer te kry om die boedel af te handel, is 'n verskriklike stryd. Hierdie artikel word nou daaraan gewy om lidmate van alle ouderdomme te help om die spanning van hulle geliefdes te verminder.

Dit maak nie saak hoe min of baie jy het nie, daar is sekere sake wat tog oorweeg moet word.

Ons ken almal die grap wat na lewensversekering verwys as 'n betaling waarvoor jy jou nou bekommer sodat jy eendag wanneer jy dood is jou nie hoef te bekommer nie. Ons weet dat afgestorwenes nie meer kommer het nie. Tog kan ons deur sekere optredes vir ons naasbestaandes tyd en ruimte skep om rustig afskeid te neem.

Het jy 'n testament? Al bemaak jy in een sin alles aan 'n sekere persoon, as tweede sin is die aanstel van 'n eksekuteur van groot belang. Dit is nou die persoon wat onafgehandelde sake moet afsluit en jou wense soos in die boedel aangedui, tot uitvoer moet bring. Selfs in die geval waar daar enkele aardse goedjies is, is daar tog reëlins wat getref moet word met byvoorbeeld die pensioenfonds, die selfoon-maatskappy of Telkom, die aftreeoord en die munisipaliteit. Die eksekuteur kan na magtiging en aanstelling deur die hof al hierdie sake hanteer.

Is relevante inligting beskikbaar? Daar is belangrike inligting wat iewers gestoor moet word. Wat is jou toegangskode tot jou rekenaar? Wat is die PIN van jou selfoon

of tablet? Wat is die kluis se kode of waar is die sleutel? Wat is die huisalarm se kode. Watter polisse is daar?

Weet iemand waar jou testament is? Het jy 'n begrafnispolis? Daar is belangrike dokumente wat beskikbaar moet wees. Dit is veral belangrik dat iemand (verkieslik die eksekuteur) toegang moet hê tot dokumente soos jou identiteitsdokument, die voertuig se registrasiepapiere, die transportakte van die eiendom, polisse van kort termyn en langtermyn versekering.

Weet die familie wat is jou geskenkies aan elkeen, of is daar groot stry in die kombuis en latere verwyte en verwydering oor ouma se Apostel lepeltjies?

Weet die familie wat gedoen moet word indien jy in 'n koma is en jou breinfunksie opgehou het? Moet die masjiene aanbly of moet hulle afgeskakel word? Hou voel jy oor verassing teenoor begrawe word? Skenk jy jou organe, kan die familie dit beskikbaar stel vir skenking of is jy sterk teen die saak?

Die dood kom skielik en dit is gerade om aan hierdie sake aandag te gee. Ons hoef nie elke dag oor alles te tob nie. Ons kan net seker maak ons sake hier is in orde, ons treurende naasbestaandes gaan dit waardeer.

## BERIGTE

### 1. Dagbestuur vergader

Die dagbestuur van die GHG het Vrydag 24 Julie 2015 byeen gekom te Meyerspark om die agenda van die Bondsvergadering te finaliseer. Onder leiding van dr Malan Storm is die agenda hanteer. Een saak wat duidelik geword het uit die bespreking is dat nie alle sake elke keer bespreek kan word nie. Die Bondsvergadering sal ten aanvang

moet besluit oor die voorstel om een saak per Bondsvergadering intensief te bespreek en hanteer. Die Kerkorde as eerste saak vir die Meyerspark vergadering blyk van groot belang te wees..

### 2. Ds Lewis Strauss

Ds Lewis Strauss laat weet: 'Ek is vanoggend uit Roseparkhospitaal ontslaan na behandeling teen asma – die ergste aanval wat ek sedert kinderjare gehad het.

Ek wil maar net laat weet dat ek nog nie myself is nie maar nogtans sal probeer om aan alles wat moet aandag kry aandag te gee. Dit is hierdie jaar al die tweede keer wat ek in die hospitaal was nadat ek ook verskeie kere weens ander kwale met siekverlof was.

Maar die genade is en bly groot." Sterkte word hom en sy gesin toegebied

### 3. Restitusie

Media24 se selferkende rol in sogenaamde "apartheid" het wyd reaksie uitgelok. Wat opval, is die vinnige vra na geld. Saterdag is "apartheid" erken, Dinsdag reeds die voorstel dat geld beskikbaar gestel moet word. Die volledige berig kan by die volgende skakel gelees word. Vir diegene wat die gedrukte Koersvas by hulle gemeentes ontvang, die artikel is aan die einde van Koersvas ingesluit. [http://mybroadband.co.za/news/business/133622-naspers-must-pay-for-its-role-in-apartheid.html#disqus\\_thread](http://mybroadband.co.za/news/business/133622-naspers-must-pay-for-its-role-in-apartheid.html#disqus_thread)

Die vraag is nou na die situasie binne die NHKA. Die NHKA het reeds in 2010 "apartheid" tot sonde verklaar (54/69) en almal opgeroep om te veg teen diegene wat dit wil behou of verdedig. Hierdie besluit is deur die BAKV van 2011 bevestig. Het die NHKA al begin met restitusie betaling? Is

die NHKA al amptelik of nie-amptelik genader om restituisie betaling? Van meer belang is die vraag: “Het die NHKA al ‘n fonds in die lewe geroep om “slagoffers van apartheid” by te staan?

Die steeds Hervormers en die GHG se stryd is ‘n teologiese een, maar daar is tog ook praktiese implikasies. Wyle dr JJ Steenkamp is verguis toe hy gemeentes teen restituisie eise gewaarsku het. Die Bondsgemeentes is in ‘n hofstryd omdat hulle eiendom beveilig het. Landsgebeure ondersteun nie die NHKA se ontkenners en minimaliseerders nie.

Wanneer gaan die MRCC of ‘n ander swart bemagtigingsgroep of “groep slagoffers van apartheid” die NHKA teiken? Wanneer gaan kragte binne die NHKA druk vir integrasie en restituisiegeskenke om die trane van die “verontregtes” af te droog?

## KENNISGEWINGS

### 1. Geloofsbondkwilt vir Teologiese Opleidingsfonds

Indien u nie al die inligting het nie of graag nog wil deelneem, kontak **vir Ina Steenkamp by 082 908 2881**.

Dankie aan die gemeentes wie se blokke ontvang is. Die Bond se dames kom ook tydens die Bondsvergadering byeen.

### 2. Bondsvergadering.

DATUM: 6 tot 8 September 2015.

PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark

TYD: Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R250 per afgevaardigde.

Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling:

“Gemeente Naam” Bondsvergadering Afgevaardigdes.

### 3. Bybelvasvra

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).

### 4. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld ‘n kompetisie met as eerste prys ‘n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.
- Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252.
- Premiermyn Hervormde Kerk hou hierdie naweek hulle Countryfees. Vrydag 31 Julie is daar die wonderlikste Pap en Kaiings, of alternatief is bosvark op die spit saam met die pap. Ons gaan lekker opskop hou met die Kleifontein orkes wat speel van 18:00 (6nm) af. Saterdag 1 Augustus is ‘n heerlike Countryfees basaar. Daar gaan

pannekoeke, vetkoeke, nagereg, kerrie en rys, 'n *country* sanger, speletjies en ponieritte vir die kinders wees. Heerlike tuisgebak en natuurlik wenner koeksisters beskikbaar. Ons begin om 08:00 en gaan kuier tot 16:00 (4nm). Kom Cullinan toe en kom geniet 'n hop, huppel en skop dag. Bring vriende en familie saam en geniet 'n heerlike dag in Cullinan, die platteland op die voorstoep van die stad. Skakel Marie 083 651 6721 Dinie 082 410 6823

- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### 5. Geloofsbond Eredienste :

ww. geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

### 6. Skenkings

#### **BANKBESONDERHEDE:**

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

**ENB** Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

#### **News24 se artikel**

A support group for victims of apartheid on Tuesday called on Media24 and Naspers to

create a fund for victims of gross human rights violations after the media company apologised for its role in apartheid on Saturday.

“We acknowledge complicity in a morally indefensible political regime and the hurtful way in which this played out in our newsrooms and boardrooms,” said Media24 CEO Esmare Weideman at the 100-year celebration of Naspers and Die Burger newspaper in Cape Town on Saturday night.

She recalled how Conrad Sidego, the first reporter of colour at Die Burger, had to walk some distance to relieve himself because he was not allowed to use the company's bathrooms.

“In that story is recorded decades of suffering and humiliation. And for this reason tonight [Saturday] we offer a formal apology.”

In response to the apology, Khulumani Support Group director Dr Marjorie Jobson said the group “congratulates the Afrikaans media... and welcomes... Weideman's acknowledgement of its past complicity in defending what it now acknowledges as the ‘morally indefensible political regime’ of apartheid and the hurtful way in which this complicity played out in the newsroom and boardrooms of the company”.

The Khulumani Support Group called on Naspers “to complement their acknowledgement of their complicity with apartheid, by establishing an independent reparations fund for victims of apartheid-era gross human rights violations to support the endeavours of survivors to surmount through their own efforts the continuing constraints that are the legacy of the apartheid system”.

Jobson said the support group expects the media group to actively participate in working to complete the unfinished business of the Truth and Reconciliation Commission (TRC), which marks its 20th anniversary in 2016.

Jobson said the call came at a time when government has failed to implement the recommendations of the TRC concerning reparations for victims. Additionally, the group said government also failed to utilise the President's Fund, set up in terms of the National Unity and Reconciliation Act.

The Khulumani Support Group has about 85 000 members who are victims and

survivors of apartheid-related gross human rights violations in South Africa. It was started by survivors testifying at the TRC.

Jobson said the support group looks forward to "substantive engagement" with Media24 on these issues, and Media24 told Fin24 on Tuesday that "it would respond in due course".

Source: News24

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**

**by 018 381 1494.**